Nuusbrief

Volume 1 / 2015

PO Box/Posbus 7864 • Bloemfontein 9300 • Tel: 051 4100 967 • Fax/Faks: 086 7689 669

VOORWOORD

Na 'n moeilike landboujaar wat geken is deur droogte in groot dele van ons land, en wat telers onder groot druk geplaas het, kan ons nogtans terugkyk na groot welslae wat die afgelope jaar bereik is in ons ras.

In die hedendaagse beesboerdery skuif die klem al meer na aanpasbaarheid en produksie. Dit wil sê 'n dier wat in jou spesifieke omstandighede en gebied optimal kan produseer en die maksimum inkomste kan genereer. Ons moet dus van die middele tot ons beskikking gebruik maak om met ander rasse op 'n gelyke speelveld te kan kompeteer. Produksie-aantekeninge en gemete prestasie is noodsaaklik om die winsgewendheid van jou diere met ander te vergelyk. Fase C-groeitoetse is 'n goeie voorbeeld van hoe ons ras presteer het die afgelope tien jaar. Daar bestaan 'n aantal veldbulklubs in Suid-Afrika; om meer klem op aanpasbaarheid te lê, sal ons moet deelneem aan sulke toetse.

Daar is beslis 'n blink toekoms vir die vleisbedryf as ons in ag neem hoeveel duisende hektaar beesplase in wildsplase omskep word. Omdat die besteebare inkomste van 'n groot deel van die bevolking toeneem, is die vraag na rooivleis besig om te styg. Ons moet reg wees om die geleenthede wat besig is om te ontwikkel, maksimaal tot ons voordeel te gebruik. Ons boer met 'n wonderlike ras - met groot potensiaal. Dit gaan van ons telers afhang wat ons daarmee gaan maak.

Bosberaad:

Die belangrikste punt wat tydens die bosberaad van November 2014 bespreek is, is dat daar groot variasie in ons ras bestaan. Daar is besluit dat daar ruimte is vir beide tipes beeste. Elke teler moet self besluit wat sy omgewing vereis vir maksimum wins. Daar was 'n baie goeie samehorigheidsgevoel onder telers en ons vorige President het uit sy pad gegaan om eensgesindheid te handhaaf.

Hans Bester - 0834691258
President SA Braunvieh genootskap.

Redakteursbrief

Terwyl ek besig is met die Nuusbrief kyk ek uit op die blekerige winter son hier op die hoeveld en besef dat die son hoe flou ookal, baie regverdiglik vir ons almal skyn. Ek vertrou dat ons mekaar in ons ras en genootskap die bietjie son wat elkeen ontvang sal gun. Kom ons gebruik ons energie en tyd om aktief te raak in ons ras en genootskap met POSITIEWE dade.

Neem asb verder kennis dat die Nuusbrief voortaan ELEKTRONIES verprei sal word maar dat dit wel gepos sal word aan die lede of belangstellendes wat dit so sal verkies. Stuur asb 'n e-pos aan andre.kainos@gmail.com of sms vir my en gee jou adres sou jy die Nuusbrief per pos en 'n harde kopie wil ontvang.

Lekker lees en laat die nuus inrol.

Andre Reitsma (0718961466).

NUUSMAKERS!!!

(Foto's elders in die Nuusbrief)

Baie geluk aan die volgende lede wat ons naam hoog gehou het die afgelope tyd:

Christopher Havenga uitredende president. Baie dankie vir die harde werk die afgelope jare op die Raad. Geluk aan **Hans Bester** wat die leisels oorneem as President op die Raad.

Gawie en Willem Naude van die Eduan stoet wat:

- Die meeste punte verwerf op die Nasionale Kampioenskappe .
- Netjieste stal.
- Presidents toekenning 2015.
- Beste bestuurde kudde 2014.
- Eduan Jumbo's Manifest hul bul verteenwoordig ons Ras by die Fase C kampioenskappe in Bloemfontein.



Gawie Naude (Eduan), Christopher Havenga (uittredende President) en Willem Naude (Eduan).

Witbek Cherry

Hans Bester en dogters met hulle koei **Witbek Cherry** wat die Elite Platinum toekenning ontvang het vir ons Ras.

Hampie van Zyl wie se koei Beaulieh Armandi as die Goue beker wenner by die interras te Vryburg aangewys is (foto elders in Nuusbrief).

Ian en Ansie Botes wie se bulkalf Zeus (foto elders in Nuusbrief) in Maart by Vryburg besondere prestasies behaal het nl;

- Kalf kampioen bul
- Prestasie getoetste fase C bul 12-24 maande
- Interras kalf kampioen bul
- Landbouweekblad en Breedplan Zoetis bul van die jaar
- Braunvieh reserwe groot kapioen bul

Lourens en Henriette le Grange van die Aurora stoet in Namibie wat die grootkampioen bul en interras groot kampioen bul Luigi LLG 11 52 geteel het.

Andre Reitsma

Nasionale Vryburg skou en Vryburg interras skou

Els 12 07, Junior Kampioen vers/koei met Fanie Els en dogter Stephanie (3), Isak Thladi en Gabriel (6) Fanie se dogters. Eienaar SP Els Braunvieh stoet, (0834097381 - Fanie)

Aurora Luigi LLG 11 52, Grootkampioen en Interras kampioen bul met Lourens en Henriette le Grange (telers +264 811279170) en Andre en Annemarie Reitsma (eienaars - 0718961466) JC Braunvieh stoet.

MEBA 1331 Zues, Bulkalf en reserwe groot kampioen Braunvieh bul en interras kalf kampioen, Ian en Ansie Botes Braun Kristalle Braunvieh stoet. (0725960462 - Ansie, 0823780934 - Ian)

Die Nasionale kampioenskappe het plaasgevind op 25 en 26 Maart 2015 te Vryburg. 16 telers van Suid-Afrika en Namibia het deel geneem en 123 diere was vertoon. Die diere was van hoogstaande gehalte en die kompetisie was straf. Kalfkampioene,bul en verskalf is deur Braun Kristal van Ansie en Ian Botes vertoon. Jnr Kampioen bul is deur CD Havenga vertoon en die Jnr vers/koei deur Sp Els Familie Trust. Die Snr bul is deur JC Braunvieh Stoet vertoon en die Snr Koei deur Beaulieu stoet van Hampie van Zyl. Die koei was ook die groot kampioen en goue beker wenner op die skou. Met die interras klasse het die Braunvieh besonder goed gedoen en of 1ste of 2de gekom in al die klasse en onder andere die Grootkampioen bul en koei asook die Goue beker verower (verteenwoordig deur Hampie van Zyl se koei). Baie geluk aan elke vertoner,daar was vanjaar 4 nuwe lede wat vir die 1ste keer kom skou het. Die ras waardeer elkeen se bydra om die skou so 'n sukses te kon maak. Na afloop van die skou is 10 bulle en 4 vroulike diere aangebied op veiling. Hoogste prys was R48000 vir bul en R15000 vir vers. Hoop om u weer volgende jaar te sien.

Graag wil die ras ook weereens ons borge bedank vir hul bydra tot die SA's. FNB bank vir hul ruim borgskap,Molatek vir hul groot bydra,Veeplaas en Eduan Boerdery vir hul borge. Dit is 'n groot voorreg om met julle geassosieer te word en wil weereens dankie se.

Sampie Rossouw - 0823127208

Christopher Maverick CDH 12 44, Junior kampioen bul met Anton van Rooi, Christophers Braunvieh stoet, (0828211527 - Christopher)

Beaulieu Amandie, JJH, Nasionale kampioen koei en Grootkampioen Braunvieh dier asook Vryburg Interras Kampioen koei en wenner van die Goue beker, eienaar Hampie van Zyl (0824928123).

IBA 1405, Cindy, Vers kampioen Ian & Ansie Botes, Braun Kristalle Braunvieh stoet, (0725960462 - Ansie, 0823780934 - Ian)

Finansies Braunvieh SA

Die finansies van die Genootskap is kern gesond en ons behoort die jaar op ‘n wins af te sluit. Waar daar ‘n paar maande gelede ‘n ernstige kontantvloei probleem was , is ons bly om te raporteer dat baie van die lede hul agterstallige gelde betaal het. Die raad wil graag van die geleentheid gebruik maak om hul daarvoor te bedank. Onthou ons is ‘n nie winsgewende organisasie nie en is afhanklik van die gereelde betaling van rekenings.

Daar is wel nog ‘n aantal lede wie se gelde uitstaande is en daar word die nodige stappe gedoen om die geld in te vorder. Ons doen ook ‘n beroep op hierdie lede om hul rekenings te vereffen of skriftelike versoeke tot uitstel aan die kantoor te rig en daarby te hou.

Die nuwe per kapita heffings en lede gelde is nou betaalbaar. As u nog nie die skrywes ontvang het nie kontak asb die kantoor. Die raad doen ‘n beroep op alle lede om asb. spoedig hul nuwe heffings te betaal.

Na vele onduidelikheid en verdagmaking wil ons graag raporteer dat die Nasionale veiling vir hom self betaal en dat die veiling van 2014 ‘n aansienlike wins gewys het wat vir die volgende veilings aangewend kan word. Dit is baie moeilik om vir so ‘n veiling te begroot aangesien daar baie veranderlikes is.

Vir enige navrae rakende die finansies kontak gerus die kantoor of direk vir my (raadslid verantwoordelik vir finansies).

Gawie Naude - 0828979555

NUWE RAAD *en werksindeling*

Gawie Naude, Kobus Bezuidenhout, Hans Bester (Voorsitter), Donsie Wessels, Andre Reitsma en Sampie Rossouw (Onder Voorsitter)

SA Braunvieh Raadslede

PRESIDENT
Hans Bester

VISE PRESIDENT
Sampie Rossouw

FINANSIES Gawie N	Hans Bester	TEGNIES Kobus B	Sampie Rossouw	MEDIA Andre R	BEMARKING Donsie W
Dagbestuur Administrasie Kantoor Finansiele beleid en state Begroting Borg koordineer Ledegelde Debiteure en Krediteure Argief & Inventaris Projek-begrotings saam met verantw raadslede	***Dagbestuur*** Voogde Konstitusie Teelbeleid Rasstandaarde Kontrakte In-/Uitvoer, Semen, KI, embrio's Produksie aangeteken Bultoetse: Fase C & D Ouerskap verifikasie Stamboeksake	**Inspeksie:** Rasstandaarde toepas by Skoue & Veilings **Keuring:** Riglyne Jnr / Snr Streeksindelings program & roete **Kursusse** - Keurings - Beoordelaars Boere- & inligtingsdae Begrotings	***Dagbestuur*** **Veilings:** - Onder beskerming - Nasionale Reëlings, Bemarking & katalogus **Skoue**: - Nasionale Kampioenskappe - Provinsiaal - Funksies Trofees Begroting	**Alle Projekte** - Reklame & Advertensie - Borgskappe **Gedrukte media** - Publikasies - Joernaal - Brosjure **Elektroniese media** - Nuusbrief - Webbladsy **Items:** Kleure Begroting	**Bemakrings-plan** - Vrae;lys **Lede: Aktiewe & Subskripsielede** - Lidmaatskap - Ledelys - Riglyne - Ledewerwing - Bosberaad - Facebook **Uitstallings**: Skoue & Nampo Universiteit & Landbou Skou Boere & Inligtings-dae Begrotings

Nuwe Voograadslede:

Die volgende stukkie nuus het ons uit die Nuusbrief van Maart 2010 gaan haal:

"Die raad het besluit om al die lede by die raadslede in hulle streke in te deel met die doel dat die lede direk met 'n bepaalde raadslid kan skakel wanneer nodig en met die doel dat lede in 'n bepaalde streek ten minste een maal per jaar saam vergader of saam 'n boeredag/opleidingsessie aanbied".

Weet al die lede wie die Raadslid is waar jy as teler ingedeel is. Verder moet ons ook eerlik vra of die stelsel werk? Maw het jy as lid al jou Raadslid wie jou voog is die afgelope 5 jaar gekontak en tweedens het jou Raadslid jou gekontak?

Hier volg die lys van Raadslede met hul telers vir wie hulle voogde is:

Hans Bester (08346912580), Andre & Annemarie Reitsma, Thys Louw en Rikus Botha, Wessel de Villiers, Ina en Gerhard Janse van Rensburg, Sampie Rossouw.

Sampie rossouw (0823127208), Hans Bester en Dogters, Andre Mark Du Plessis, Hampie van Zyl, Ian en Ansie Botes, Leon Strauss.

Gawie Naude (0828979555), Abie de Villiers, Sunette Botha, Christopher Havenga, Ben Mills en Danie Botha, Derek Martin, Pieter Graaf.

Kobus Bezuidenhout (0823745022), Phillip en Donsie Wessels, Gawie en Willem Naude, Japie Borman, Willem J Grobler.

Donsie Wessels (0825621222), Abie Rademeyer, Geoffrey Pororo, Me MSE Bezuidenhout, Kobus en Pedrie Bezuidenhout, Christa Sonia Meyer.

Andre Reitsma (0718961466), Piet de Villiers, Barry Steyn, Jaap Dreyer, Pieter en Erika de Villiers, GK Gasekoma, Harry Marks, Cois Harman, Masechaba Nkatlo, Mr Zachariah Pitso Tolo, Adv Benjammin Ratshikana.

Julle as lede word vriendelik uitgenooi om vir ons as Raad terugvoering te gee of die stelsel werk met voorstelle hoe dit verander kan word om beter te werk. Skakel ons gerus by bogenoemde nommers.

BOER MET ’N MAATBAND EN ’N SKAAL: FASE D

“Om te weet moet jy meet”

Tabel 1

FASE D VELDBULTOETS: ALPHINE SWISS BRAUNVIEH STOET

	Agtergrond		Toertsgewig: 100 dae						GDO	GDT	Liggaams-		Skrot	Veldik	Oogsp	KG Voor-spelde
	Geboorte		Moeder	Naam	Speen	Begin	Eind	Totaal	Index	Index	Lente	Hoogte	Omtrek			Rooivleis
Bul	Datum	Gewig	Gewig	Vader	Gewig	23 Sept	13 Ma	Opgetel								
C1306	27-Jul-13	42 kg	570 kg	Carrel	325 kg	460 kg	610 kg	150 kg	110	107	1560	1310	410	15	75	228,19
C1306	27-Jul-13	37 kg	545 kg	Soekie	260 kg	335 kg	465 kg	130 kg	83	93	1450	1260	380	12	56	163.55
C1313	22-Au7g-13	40 kg	595 kg	Carel	365 kg	475 kg	600 kg	126 kg	113	90	1510	1270	400	13	63	212.55
C1317	05-Sep-13	40 kg	525 k	Koning	245 kg	340 kg	500 kg	160 kg	95	114	1420	1230	350	13	54	176.4
C1318	06-Sep-13	46 kg	515 kg	Carel	330 kg	385 kg	520 kg	135 kg	98	96	1520	1250	380	14	56	184.37
C1321	08-Sep-13	49 kg	600 kg	Sam	335 kg	425 kg	565 kg	140 kg	109	100	1510	1300	370	15	68	207.69
C1326	19-Sep-13	45 kg	510 kg	Sam	220 kg	430 kg	560 kg	130 kg	109	93	1490	1290	410	15	61	202.73
C1327	20-Sep-13	40 kg	420 kg	Soekie	230 kg	335 kg	480 kg	145 kg	93	103	1450	1250	350	12	55	168.4
C1330	27-Sep-13	30 kg	455 kg	Sarel	250 kg	330 kg	465 kg	135 kg	93	96	1470	1260	330	12	55	163.23
C1331	29-Sep-13	35 kg	400 kg	Sarel	230 kg	330 kg	480 kg	150 kg	96	107	1140	12160	405	14	60	171.22
Gemiddeld					**279 kg**	**384 kg**	**525 kg**	**140 kg**	**100**	**100**	**1482**	**1260**	**378**	**14**	**60**	**187,84**
Protein - Energie - Minerale aanvulling op grasweiding (somer en winter)																
Protein lek: 1KG/dag/bul																

Hoe bepaal jy as teler watter jong bulletjie gaan jy gebruik in jou kudde as stoetbul? Bulkopers het tog seker ook die reg om te weet wat hy wil koop volgens sy behoeftes en wat hy gaan kry.

Ons by Alphine Swiss Braunvieh kry spesifieke vrae van voornemende kopers.

Voorbeelde van onlangse vrae:

1. Ek soek 2 bulle met die laagste geboortegewig.

2. Ek soek ‘n bul met die langste lyf

3. Wat is julle bulle se skrotum omvang en hoe vergelyk dit met die rasstandaard?

4. Hoeveel melk kan ek van die bul verwag in my kudde?

Deurdat ons die Fase D veldbultoets doen kan ons meeste van die vrae wetenskaplik met syfers beantwoord. Bulle word van die plaas af verkoop en kan ons vir die koper die bul se ma ook wys. Haar melkeienskappe kan gesien word en haar ander kallers asook hulle speengewigte. Die koper kry wat hy vra en so maak ons seker hulle is gelukkig met die bul wat aan hulle behoeftes voldoen. Kopers word na ‘n jaar opgevolg om seker te maak of hulle gelukkig is met die toevoeging tot hulle kudde.

Tabel 1 kan as ‘n riglyn gebruik word om vergelykings te tref soos benodig. Wat is die lengte van jou langste bul of wat is die skrotum omvang van die bul wat jy wil verkoop of koop?

Ek moedig al die telers aan om hulle bulle op ‘n fase D veldtoets te plaas vir 90-100 dae. SA Stamboek vereis ‘n minimum van 10 bulle om die toets te registreer. Indien jy nie tien bulle het nie of net een of twee op so toets wil sit vind uit waar kan jy inskakel by so toets in jou omgewing. Alphine het reeds twee telers wat belangstel om elk ‘n bul te bring vir ‘n Fase D toets wat einde van 2015 gaan plaasvind sodra dit gereen het.

Al die vereistes en kostes is op Stamboek se webwerf soook die LNR. Enige iemand is welkom om my te skakel indien u enige inligting verlang rakende die Fase D veldbultoets.

Paar praktiese implikasies om so ‘n toets op jou plaas te doen word in die volgende nuusbrief geplaas.

Donsie Wessels, Alphine Swiss Braunvieh

Tel 082 562 1222, donsiewessels@gmail.com

Fase C deelname: Eduan Manifest

EDUAN JUMBO’S MANIFEST verteenwoordig die Braunvieh ras tydens die elite bulgroei toets kompetisie aangebied deur Vleissentraal en Stamboek. Manifest is die eiendom van Gawie en Willem Naude van die Eduan Braunvieh stoet in Barkley Oos. Hy is die derde bulkalf van Eduan Hoogmoed wat hierdie prestasie behaal. Hy was baie gewild en eindig onder die top 5 bulle.

Gawie Naude 0828979555. -Willem Naude 0827757067.

Bloemfontein streeks skou

Kalf kampioen en reserwe groot kampioen bul van Ian en Ansie 0725960462) Botes Braun Kristalle

Senior kampioen bul, Sam eienaar Alphine stoet van Donsie (0825621222) en Philip Wessels (0832642199).

Kalf kampioen vers vertoon deur Ian en Ansie (0725960462) Botes Braun Kristalle.

Junior kampioen en Grootkampioen koei van Eduan stoet met Gawie (0828979555) en Willem (0827757067).

Die skou het plaasgevind op 29 April 2015 te Bloemfontein. 10 telers het met 19 diere aan die skou kom deelneem. Dit was die 1ste keer in 17 jaar wat die Braunvieh deel was van die skou. Die Kalfkampioene,beide die bul en verskalf is deur Braun Kristal Braunvieh van Ansie en Ian Botes vertoon. Die Jnr bul asook die Jnr vers/koei is deur Eduan Boerdery vertoon van Gawie en Willem Naude. Die Snr bul is deur Alphine Braunvieh stoet van Philip en Donsie Wessels vertoon en die Snr koei deur mej.MSE Bezuidenhout van die Lizie-Dolla stoet. Die Jnr bul was die groot kampioen van die ras op die skou. Die ras waardeer elkeen se bydra om die skou te ondersteun so kort na die SA's te Vryburg. Graag wil die ras ook die volgende borge weereens bedank vir hul bydra tot die skou. BTS:Bandag Truck Service,Andre Kock & Seun,Uzziah Braunvieh van Leon Strauss,MW de Jager Wildbedryf,John Williams Commercial Bloemfontein,by name Willie Neetling en Afforable Tyres&Windscreens van Francios en Sonja Lessing. Dit was 'n voorreg om met julle te geassosieer kon word op die skou.

Sampie Rossouw

Senior kampieon koei, eienaar mej MSE Bezuidenhout van die Lizie-Dolla Stoet (0820859742). Op die foto verskyn Mariekie Bezuidenhout

Junior kampioen en grootkampioen bul van Eduan stoet met Gawie (0828979555) en Willem (0827757067).

HOW TOUGH IS BRAUNVIEH?

By Christa Meyer Scholar Howick

This is true story from a 20 year old girl that did home school on her father's farm. She is the eldest of four children with two brothers and a sister. Looking after animals and breeding them form a big part of their schooling and lives. Their highlight of the year is the Pietermaritzburg Royal show. They take their rabbits, chickens, birds and ducks to compete. Talking to them you quickly realise that they know everything about breeding animals. The nine year old will in full explain how he breeds his birds and what the results are. The breeding chart of the rabbits is on the wall and the generations are been pin pointed to the rabbits on the show.

Christa Meyer the eldest child decided she wants to breed cattle. Four years ago she started doing research on what breed she prefers. After intensive research she decided on the Braunvieh (previously named Brown Swiss). Part of her research were old magazines where she cut out everything she could get about the breed. Pictures were cut out and put into a scrap book.

Her father bought one stud bull and two heifers. She joined the Braunvieh association and became one of the breeders. March 2015 she wanted to go to the Vryburg show to experience the National Championships. With a bus ticket and a lift with one of the other breeders in the Free State she managed to get to the show.

Please enjoy her story about the Braunvieh bull on her father's farm.

"My father has a sugar and timber farm in Wartburg, KZN. He also has a cross bred herd of cattle as a hobby. His main breed is Hereford, but Herford's don't do well in that area, so my father buys now and then another breed of bull to toughen up his cattle. My father does not belief in looking after his cattle very well. Redwater and Gallsickness are very bad in that area and ticks too. Now the ticks on my father's farm always target the new cattle on the farm, so the ones my father has just bought and brought back to the farm. My father never bought cows as far as I remember, but only bulls. Now since the ticks always target the new bull….well, they live very sort and die. The strange thing is the ticks left the cows and calves, they had a few, but the bulls were the ones covered with them! No matter WHAT breed, even the Brahman bulls didn't do better. The bulls lived around + - 1 year, then died of Redwater, Gallsickness or just weakness. The only bull I remember who lived longer was a Braford bull, Whitehead (Brahman X Herford). BUT he was born and grew up on my father's farm; he lived and bred for 9 years on the farm. My father then sold him, because of Inbreeding. After Whitehead my father had 1 more bull, a Pinz cross, he lived sort too. Then my father bought a Braunvieh bull, from the Free State. Like all bulls, he is covered with ticks in tick season, but he IS tough!! My father had him for 4 years now, and he's still alive and in good condition. So if you want a tough breed… go for "Braunvieh"! Christa Meyer, Swiss Star Braunvieh stud, Howick.

Braunvieh Boeredag

aangebied deur AC-Cattle-Co en PDW-Ranch Stoeterye

Op 29 Mei 2015 het die stoeterye, AC-Cattle-Co van Piet, Anna en Arina en PDW-Ranch van Pieter en Erika de Villiers, `n Braunvieh boeredag en plaasbesoek aangebied om hulle kuddes aan voornemende kopers en belangstellendes ten toon te stel.

Hierdie geleentheid het hoofsaaklik gefokus op die bekende koei, AC-Cattle-Co Rommi 10 (AC 94-19) wat op 20 September 2015, 21 jaar oud sou wees. Sy is `n maand vantevore geslag weens haar hoë ouderdom. Sy was ons spogkoei en het belangrike pryse verower, nl. Nasionale Kampioenkoei (2000) en die Farmer's Weekly toekenning (2006). Sy het 16 kalwers in haar leeftyd gehad.

Oom Piet en Tannie Anna de Villiers saam met die koei Rommi 10 AC 94-19

Ons is egter trots op haar nageslag en die feit dat een koei so groot invloed op ons kuddes gehad het en nog steeds het. Slegs die beste ingevoerde Originale Braunvieh bulle se semen is gebruik om vir ons stoetbulle uit haar te teel wat in ons eie kuddes gebruik word, die bekendes uit die stal van AC-Cattle-Co, nl. Kanzler (99-35); Mauser (00-50); Bismark (01-30); Marlo (04-27); Wito (06-35) en Hector (12-02). Ek en my suster, Arina het dus besluit om haar kop deur `n taksidermis te laat verewig om as `n trofee te dien vir die nageslag en vir ons pa wat die Braunvieh sy lewe gemaak het. Ons het dan die geskenk tydens die geleentheid aan hom oorhandig.

Die dag was `n feestelike geleentheid en het afgeskop by ons buurplaas se bosrestaurant – Doringkraal. Daarna het besoekers die geleentheid gekry om ons Braunvieh beeste te besigtig. Die dag is bygewoon deur 50 besoekers – wat insluit telers en vriende van oor die land en plaaslik.

Die belangstelling word waardeer en maak alles die moeite werd. Ons bedank graag ons borge, Lubern Voere, Cipla Veeartsenymiddels en Suidwes Landbou (Stella). Interessante en leersame lesings is deur al drie firmas aangebied. `n Demonstrasie aangebied deur die LNR-toetsstasie van Armoedsvlakte het gehandel oor marmerering en vetverspreiding by karkasse – Tebogo het dit vir ons interessant aangebied.

Na die lesings het Vissie, Beula en Genis Visser van Doringkraal die gaste getrakteer met heerlike Braunvieh biefstuk-ete.

Ons beplan reeds weer aan `n volgende geleentheid – hou die media dop vir iets interessants. Ons bedank almal wat die dag met ons meegemaak het en onthou besoekers is altyd welkom.

Braunvieh-groete
de Villiers (0826706089) en Pieter de Villiers (0829207309)

Nampo 2015.

Wat n uitputtende voorreg was dit nie om n week by Nampo te kon help. Die beeste wat vertoon was het van CDH (Christopher en Jenny Havenga) gekom en het n baie mooi prentjie en indruk gemaak. Dankie Christopher dat jy jou diere op so kort kennisgewing beskikbaar gestel het.

Daar is steeds kwelpunte wat ek glo aandag vereis waarvan die belangrikste die volgende was:

- Die BRAunvieh naam skep verwarring en die BRAunvieh in die naam het mense laat vra met watter ras is die BRAhman dan hier mee gekruis.
- Baie van die besoekers het steeds verwys na die Bruin Swiss en weet nie dat die Braunvieh n dubbeldoel bees is nie.
- Geboorte gewigte en moeilike kalwings is geopper.

Bogeneomde is slegs n paar voorbeelde wat ek glo dmv goeie blootstelling uit die weg geruim kan word.

Die DVD wat deur Annemarie gemaak is het baie goed gewerk en kon kruise tussen Braunvieh's en ander rasse uitgewys word. Baie besoekers het ons stalletjie besoek waarvan die belangrikste buurlande uit Suider Afrika Malawi (1), Botswana (6), Lesotho (9), Namibie (1), en Zimbabwe (1), was. Twee regerings amptenare het ons besoek en veral klem gele op "Beef & Milk" soos teen die muur pryk.

Daar was baie navrae vir bulle en vroulike diere. Al die besoekers wat belangstel in diere sal OF n mail advertensie ontvang of sal gebel word en ingelig word oor die nasionale veiling. Die opsomming oor navrae is by die kantoor beskikbaar met telefoon nommers.

Andre Reitsma - 0718961466

SA Braunvieh Webblad

Die SA Braunvieh webblad sal in die toekoms deur Quicksolve oorgeneem word en een van die eerste take sal wees om die huidige webblad oor te skryf in n gebruiks vriendelike taal wat aan al die jongste vereistes van Google sal voldoen. Die webblad sal sellfoon vriendelik, facebook en twitter vriendelik wees. Dit sal verder maklik nuwe nuuswaardighede kan opdateer en sal ook n Telers gallery he wat bestaan uit een A4 geskrewe beskrywing van jou stoet met vier fotos en jopu kontak inligting. Quicksolve het ook ingestem om die lede n spesiale prys te gee van R2500 om jou huidige web oor te skryf of n nuwe web vir jou te skryf.

Ons vra dat jy jou samewerking in die verband gee en skakel gerus vir Andre Reitsma (0718961466) om meer inligting te kry.

Nasionale veiling

Ons ras beoog 'n derde nasionale veiling op 23 September 2015 te Gwk se veilingskompleks te Kimberley. Huidiglik is daar 25 bulle en 20 vroulike diere in alle produksie staduims en 2 lotte semen ingeskryf. Dankie vir elke teler wat bereid is om die veiling te ondersteun en ons nooi elke Braunvieh teler uit om betrokke te raak en die dag te ondersteun. Daar sal ook 'n Inligtings dag plaasvind op 22 September 2015 by dieselfde lokaal waar die veiling sal plaasvind. Daar word gepoog om 'n interressante progam saam te stel waarby elke teler (stoet en kommersieel) kan baatvind. Hou ook die Landbouweekblad, Farmersweakly, Kommuniek en Agri forum dop vir advertensies rakende die veiling. Daar sal ook sms's en emails uitgestuur word asook pamflette wat uitgepos sal word. Die Nasionale Veiling is regtig 'n toonvenster vir die ras en ons as raad wil 'n beroep doen op elke teler om betrokke te raak.

Sampie Ressouw - 0823127208

Dragtige verse gedek deur Luigi beskikbaar by die nasionale veiling 23 September 2015

Luigi LLG 11 52 Nasionale Braunvieh Grootkampioen en Vryburg Interras groot kampioen bul.

Kontak Andre Reitsma vir meer besonderhede - 0718961466





Dankie aan ons borge

MOLATEK

FNB
First National Bank

GWK
innoveer landbou

Christopher Braunvieh

bied aan op Nasionale Veiling 23 September 2015

PW 07-044 Happy op Nasionale Veiling 23 Sept 2015. Sy was Groot Kampioen Koei 2013 Vryburg skou. Die koei word slegs aangebied omdat daar 5 van haar embrio kalwers nou gebore word en 2 van haar dogters alreeds in kudde is. Haar dogter Happely was ook 2013 Res Junior Kampioen Vers. Haar pa Harman Markus was die Internasionale Kampioen bul 2009. Moet nie hierdie unieke geleentheid mis nie. Dragtig van Christopher Hecklu

CDH Timotei moeder van CDH Maverick

Christopher Maverick CDH 12 44, Junior kampioen bul met Anton van Rooi, Christophers Braunvieh stoet

Christopher Havenga
Sel: 0828211527
Email christopher@cdhcattle.co.za